Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydelike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

22 Julie 2016

PERSVRYSTELLING
(Vir onmiddellike vrystelling)

SA Akademie verwelkom hofuitspraak oor UV

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns verwelkom die uitspraak van die Vrystaatse Hoër Hof oor die taalbedeling by die Universiteit van die Vrystaat. Die uitspraak ten gunste van 'n *status quo*, dus 'n voortsetting van 'n gelyke bedeling vir Afrikaans en Engels op die UV-kampus, beteken dat Afrikaans kan "asem skep" en dat die raad en senaat van UV opnuut moet besin oor die pad vorentoe. In sy uitspraak het die Hof die raad en senaat ernstig betig weens verontagsaming van die grondwet deurdat hulle met 'n nuwe taalbedeling Engels as taal van onderrig en navorsing op die instelling wou afdwing ten koste van die "Afrikaanse segment" op die kampus.

"Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns doen 'n dringende beroep op UV-owerhede om die hofuitspraak ernstig op te neem en deeglik te besin oor die UV se pad vorentoe waarin veeltaligheid met 'n plek vir Afrikaans 'n rol speel", het die uitvoerende hoof, dr. Dionē Prinsloo, gesê. "Soos dit 'n universiteit betaam, is sinvolle akademiese oorweging hierby aangewese en geen verhitte politieke menings en inmenging behoort toegelaat te word nie", volgens dr. Prinsloo. Aspekte soos moedertaalonderrig, die demografiese omgewing van die UV, die instelling se lang waardevolle Afrikaanse tradisie en die status van Afrikaans as een van die belangrikste tale in die land moet in ag geneem word.

Die SA Akademie spreek die hoop uit dat die hofuitspraak 'n stabiliserende effek het en taalgemoedere sal kalmeer en nie net 'n positiewe uitwerking by die Universiteit van die Vrystaat het nie, maar eweneens die taalsituasie by die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Pretoria sal rigting gee, ook in belang van Afrikaans. Die SA Akademie betreur egter dat dit noodsaaklik was om teen hoë regskoste, ten koste van baie energie, die saak vir Afrikaans in die Hooggeregshof te gaan stel. Volgens die hofuitspraak moet die Universiteit van die Vrystaat nou sy eie regskoste, en die van die applikante, Solidariteit en AfriForum, betaal. Die geld kon beter bestee gewees het aan beurse vir behoeftige studente, het dr. Prinsloo gesê.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte
Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za